## Afrikaanse e-pos: Algemene vrywaring

Hierdie e-posboodskap is vertroulik en mag gepriviligeerde inligting bevat. Dit is bedoel vir die uitsluitlike gebruik van die geadresseerde en toegang daartoe deur enige ander persoon is nie gemagtig nie. Indien u nie die beoogde ontvanger is nie, word die openbaarmaking, duplisering en verspreiding van die e-pos, of enige optrede of versuim om op te tree op sterkte daarvan, verbied en mag insgelyks onwettig wees. Die inligting vervat in hierdie e-pos en enige aanhangsels daartoe is die eiendom van Bestmed Mediese Skema en, benewens die voorafgaande, behou Bestmed die outeursreg daarvan voor. Indien u nie die beoogde ontvanger van die boodskap is nie, moet u asseblief die boodskap en enige kopieë daarvan onverwyld vernietig en die afsender daarvan verwittig.

## Maatskappy-spesifiek

Talle maatskappye aanvaar slegs e-posboodskappe in skoonteks en laat nie aanhangsels tot boodskappe of e-posboodskappe in HTML-formaat toe nie. Raadpleeg dus jou IT-administrateur indien jy nie die aanhangsel tot hierdie e-pos ontvang het nie. Jy kan ook ’n alternatiewe e-posadres aan Bestmed verskaf.

**WAARSKUWING:** Rekenaarvirusse kan per e-pos versprei word. Die ontvanger moet hierdie e-pos asook enige aanhangsels vir die teenwoordigheid van rekenaarvirusse nagaan. Bestmed Mediese Skema aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade of verliese wat gely mag word as gevolg van enige virus wat deur middel van hierdie e-pos oorgedra word nie. Daar kan geen waarborg verskaf word dat die oordrag van e-posboodskappe veilig en sonder foute sal wees nie, aangesien inligting onderskep, gekorrupteer en vernietig kan word. Inligting kan ook verlore gaan, laat ontvang word of onvolledig wees of virusse bevat. Die afsender aanvaar dus geen verantwoordelikheid vir enige foute in of weglatings van die inhoud van hierdie boodskap wat voortspruit uit e-posoordrag nie. Alhoewel Bestmed Mediese Skema alle redelike voorsorg getref het om te verseker dat hierdie e-pos virusvry versend word, kan die Skema nie aanspreeklik gehou word vir enige skade of verlies wat mag voorspruit uit die gebruik van hierdie e-pos of aanhangsels nie.

Geen werknemer of agent is by magte om per e-pos enige bindende ooreenkoms namens Bestmed Mediese Skema met enige ander party te sluit sonder dat sodanige uitdruklike geskrewe bevestiging deur sy/haar gemagtigde lynhoof ingevolge die goedgekeurde prosedures vir die delegering van bevoegdhede verskaf is nie. In gevalle waar ’n handtekening ingevolge wetlike voorskrifte vereis word en sodanige voorskrifte nie die tipe handtekening spesifiseer nie, kan daar in die geval van ’n databoodskap slegs aan hierdie vereiste voldoen word indien ’n gevorderde elektroniese handtekening gebruik word. In gevalle waar die partye tot ’n elektroniese transaksie ’n elektroniese handtekening vereis en daar nie ooreengekom is op die soort elektroniese handtekening wat gebruik moet word nie, word daar aan die vereiste ten opsigte van ’n databoodskap voldoen indien daar ’n metode gebruik word om die betrokke persoon te identifiseer en sy/haar goedkeuring van die inligting wat oorgedra is, aan te dui. Hierdie metode moet onder die betrokke omstandighede en op die spesifieke tyd van gebruik die mees betroubare metode vir die oordra van die inligting wees.

## Nalatige verdraaiing

Bestmed Mediese Skema aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van hierdie e-pos, of die gevolge van enige optrede wat geneem word op grond van die inligting daarin vervat nie, tensy die inligting in beantwoordende kommunikasie skriftelik bevestig word. Indien jy nie die bedoelde ontvanger is nie, moet daarop gelet word dat enige openbaarmaking, duplisering en verspreiding van die e-pos, of enige optrede op sterkte van die inhoud van hierdie e-pos, uitdruklik verbied word.